

PENSIOENARIS NUUSBRIEF

BESTE PENSIOENARIS

JUNIE 2018

DIE JONGSTE FONDSGEBEURE – TERUGVOER VANAF JOU VOORSITTER

Soos in ons vorige nuusbriëf gekommunikeer, is Momentum Retirement Administrators (MRA) aangestel om vanaf 1 Julie 2017 die Fonds te administreer. Dit is nou byna 'n jaar later en ons wil graag die geleentheid gebruik om jou vir jou geduld te bedank en die jongste nuus en verloop van die proses met jou te deel.

Is dit normaal dat die Raad Finansiële Dienste (RFD) 'n fonds se kantoor besoek en was die Fonds voorbereid?

Dit is heeltemal normaal dat die RFD betrokke raak wanneer 'n groot fonds van administrateur verander. Dit is dikwels gedurende hierdie tyd dat nuwe kontroles geïmplementeer kan word as dit nog nie bestaan nie. Die RFD is onbuigsam in sy evaluering van goeie bestuur, gesonde beleggingstrategieë en die interne bestuur en administrasie van fondse.

Volgens gerugte was dit nie die beste besluit om van administrateurs te verander nie?

Ons verstaan dat verandering pynlik kan wees, maar soms is dit nodig en al die besluite wat geneem is, is in die groter belang van die CRF en sy lede. Veranderings sluit in minder vergaderings, 'n besnoeiing op reisuittawes en die herbedinging van al ons diensverskaffer- en diensvlakooreenkomste.

Om van die een administrateur na 'n ander oor te skakel, is 'n reuse taak en dit kan tot 18 maande neem om te voltooi. Ons het dit in 12 maande gedoen! Ons het 'n sterk span van diensverskaffers, 'n toegewyde Raad van Trustees, beleggings van meer as R23 miljard, 'n goed-befondsde Fonds en daar was geen groot probleme tydens die RFD se besoek nie. Ons het ook meer as 120 plaaslike owerhede waarvan werknemers hul aftreegeld by ons belê en, die belangrikste, ongeveer 46 000 lede en pensioenarisse wat ons vertrou. Met die ondersteuning van daardie feite, is ons opreg, dog versigtig optimisties oor die toekoms.

KOM ONS KYK NA WAT WERKLIK SAAK MAAK

Die Trustees en hulle span beleggingskonsultante se goeie beleggingstrategieë het weer gesonde resultate gelewer wat tot jou voordeel was. Alle pensioenarisse het in Desember 2017 'n 100%-bonus ontvang, asook 'n 5,1%-verhoging in Maart.

BELANGRIKE INLIGTING – LEES DIT ASSEBLIEF AANDAGTIG OM TE VERHOED DAT JOU PENSIOEN OPGESKORT WORD

Indien jou bankbesonderhede verander, moet jy die CRF voor die eerste van die maand inlig. Indien die Fonds ná die eerste van die maand ingelig word, sal daardie maand se pensioen in die ou bankrekening inbetaal word. Dit is die beste om die ou rekening oop te hou totdat ons jou bankbesonderhede by die Fonds bygewerk het.

Indien jou adres of kontakbesonderhede verander, moet jy die Fonds onmiddellik in kennis stel sodat ons jou besonderhede kan bywerk en seker maak dat jy jou betaalstaat ontvang,

Indien moontlik, gaan groen. Onthou, ons kan ook jou betaalstaat en IRP5 per e-pos stuur. Stel die Fonds by support@crfund.co.za in kennis as jy jou kommunikasie per e-pos wil ontvang.

Vir diegene wat 'n kinderpensioen ontvang, onthou dat die pensioen op ouderdom 18 staak en slegs heringestel word wanneer die Fonds bewys van voltydse studies op 'n briefhoof van die leerinstelling ontvang. In sekere gevalle kan kinders pensioen ontvang tot met ouderdom 21, solank alle ondersteunende dokumentasie aan die Fonds gestuur is.

Indien 'n pensioenaris sterf, maak asseblief seker dat 'n naby familielid die Fonds in kennis stel sodra die doodsertifikaat beskikbaar is.

DIT IS NIE MEER NODIG OM 'N BESTAANSERTIFIKAAT IN TE VUL EN TE STUUR NIE

MRA bevestig maandeliks die pensioenarisse se status by die Departement van Binnelandse Sake, derhalwe is dit nie meer nodig om 'n bestaansertifikaat in te vul en aan die Fonds te stuur nie. Dit is maar een manier waarop ons hopelik jou lewe by die Fonds makliker maak.

WAT VAN 'N BIETJIE PRET! Jou kans om 'n CRF-geskenpak te wen ...

Hoe goed het jy jou nuusbrief gelees? Voltooi die volgende sin en e-pos jou antwoord na support@crfund.co.za, of vra iemand om dit namens jou te stuur. Onthou om jou naam, ID en kontakbesonderhede by die e-pos in te sluit. Ons sal al die korrekte antwoorde by 'n gelukstrekking insluit en die wenner van die gelukstrekking wen 'n CRF-geskenpak. Die antwoord verskyn in hierdie nuusbrief.

Indien jou bankbesonderhede verander, moet jy die CRF voor in kennis stel, anders moet jy jou ou bankrekening tot die volgende maand oophou.

Skakel asseblief die ledesentrum op ons ShareCall-nommer, 0861 CRFUND (0861273863), indien jy enige bekommernisse het.

Met vriendelike groete

U CRF-kommunikasiespan

Vrywaring: Die Kaapse Aftreefonds vir Plaaslike Regering aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies, skade of onkoste wat as 'n direkte gevolg of uitvloeisel van vertroue op die inligting in hierdie dokument gely of aangegaan word nie. Die Reëls van die Fonds sal geld.

Raad van Trustees: Mnr. SA Mokweni (voorsitter), mnr. JP Beukman, rdl. IR Iversen, mnr. TA Loko, rdl. PJF Louw, rdl. C Meyer, mnr. AM Owen, mnr. ET Scott, mnr. WW van Gass, mnr. JJ Wagner
Hoofbeampte: Mnr. Kobus Sadie